

4 Februarie 2018

AMAGP VORDERING SEP 18 TOT JAN 19

MILIEU VERANDERINGS

1. Die volgende belangrike milieu verskuiwings het plaasgevind:

   a. Uitsprake teen politieke inmenging in die GEPF & OBK.

   b. Weerstand teen geheimhouding van aspekte vd Fonds.

   c. 'n Groter nugterheid oor die sg Staatswaarborg vd Fonds.

   d. Opvlamming van hoop dat staatskaping en korrupsie onder beheer kan kom.

   e. Begrip dat die korruptes goed ingegrawe is en verbete sal klou aan hulle posisies.

POSITIEF

2. Kommissies van Ondersoek. Vir beide die Zondo- en die OBK se KvO is insette gelewer. OBK se inset is deur die pers en radio redelik tot goed gerapporteer. Christo is deur die Mpati kommisie versoek om fisies self te kom getuig – hulle was selfs bereid om sy vlug kostes te betaal. Ons aanbieder asook ons AMAGP naam is by meer as een geleentheid prominensie verleen.

3. FB. Sowat 7000 prsone het nou al ons FB besoek. Heelwat gesprekke en uitruil van meninggs vind nou al plaas.

4. Die ANC se aankondiging dat hulle ondersoek gaan instel om alle pensioenfondse te dwing om beleggings in staats infrastruktuur projekte/instansies te doen, het heelwat konsternasie id media veroorsaak. Tesame met die aandag wat die twee kommissies van ondersoek gekry het, het dit media geleenthede ontsluit wat met vrug deur die AMAGP aangewend kon word. Die onverwagte voorstel van Magda Wierzycka van Signia dat dit net op die GEPF toegepas behoort te word, is met goeie argumente (mees diplomaties!) teengestaan.

5. Christo het ontledings van die nuutste stand van die GEPF se fondse gedoen, wat goed deur die media ontvang & aangewend is. Ons naam (en die van Christo) word darem

nou meer dikwels in berigte deur die media gebruik. Sy naam het reeds ‘n groot mate van geloofwaardigheid in die pers.

6. Werwing. Getalle het gestyg vanaf sowat 200 na 500+ en hoofsaaklik agv ons FB pogings maar vermoedelik ook vanwee die prominensie van die bogenomde ondersoeke en regerings dreigemente om pensioen gelde te plunder.

7. Reaksie van die GEPF. Hulle het gereageer nav ‘n media verklaring wat ons gemaak het oor ‘n advertensie van hulle. Hulle het beweer dat ons feite verkeerd was en dat ons dit moet terugtrek. Ons het geantwoord dat ons dit sal doen op voorwaarde hulle is bereid om aan ‘n aantal voorwaardes te voldoen. Wat egter van groter belang is, is dat hulle kennis neem van ons media verklarings - dis vordering!

8. Skakeling met Invloedryke Persone. Onderhoude is met Dr F Cronje van die IRR asook met Paul O’Sullivan en Genl Bantu Holomisa gevoer. Skakeling met Magtige Magda van Signia nieteenstaande pogings het nie gebeur nie.

9. Skakeling met Organisasies. Suksesvolle samesprekings is met die invloedryke Vereniging van Staatsamptenare gehou. Skakeling met die Openbare Beskermer vorder. Daar sal hopelik binnekort samesprekings tussen ons en die GEPF plaasvind, waar die OB sal bywoon. Ons skakeling se omvang begin dermate toeneem dat iemand aangese moet wrd om die persone/organisasies behoorlik ingelig behoort te hou.

10. Geloofwaardigheid in die Media. ‘n Aantal belangrike media verklarings is uitgereik. Die Media (gedruk, TV en radio) versoek nou al AMAGP se mening en by tye word ons naam ook in berigte genoem. Joernaliste, radio omroepers en TV aanbieders hou ons segsman baie besig met navrae. Ook die publiek rig navrae aan die segsman en identifiseer met hom.

11. Spanpoging. Lede en medewerkers is verspreid oor die RSA. Veral die afgelope opstel- en aanbieding van verslae aan die kommissies van ondersoek, het die AMAGP se optrede as suksesvolle spanne beklemtoon. Menings uit verskeie agtergronde kon ‘n rol speel.

NEGATIEF

12. Donasies. Het steeds nie nodige magtiging vanaf SARS ontvang nie. Dit perk ons moontlikhede van optrede in.

13. Finansies. Min vordering is gemaak. Ons sal binnekort ‘n baie diplomatiese beroep op lede en organisasies moet doen om by te dra.

14. Swartes. Behalwe vir ‘n aantal swart en bruin persone wat kennis neem van die AMAGP se FB is daar geen vordering nie.

15. Mannekrag. Ons maak min vordering met die uitbreiding van ons vrywillige, onbetaalde aanstellings. Terwyl daar by baie lede en FB aanhangers simpatie en dankbaarheid is vir dit wat deur die AMAGP gedoen word, is min bereid om daadwerklik as medewerkers te help. Selfs die wat hulself aanbied en met wie voorbereidende onderhoude gevoer is, trek by tye kop uit – veral as ‘n taak of aanstelling ter sprake kom.

16. Litigasie. Daar was heelwat moontlikhede van optrede bespreek – ook moontlikhede wat baie beperkte finansiele implikasies inhou. Tans het nog niks daaruit voortgevloei nie.

17. Werkslas. Dis steeds te groot vir ons vermoens veral Media (spesifiek die segsman), vertolking van informasie en lidmaatskap administrasie.

AANBEVELINGS

18. Belangrike Temas. Die volgende moet uitgebuit word:

    a. Feit dat dit nodig was om ondersoek na die OBK te doen. Die AMAGP het ‘v rol daarin gespeel.

    b. Teenstand teen politieke inmenging en geheimhouding.

    c. Verantwoordbaarheid. GEPF tans onverantwoordelik.

    d. Vervang die OBK met aantal bewese beleggings agentskappe. Weg met monopolie!

    e. Nuwe rade vir GEPF en OBK se kern eienskappe (kundigheid, integriteit en pol onafhanklikheid)

    f. Wat gebeur na die KvOe: regering optrede?, regsoptrede?, strawwe?, ons geld terug?, lesse geleer?

19. Druk moet vol gehou word op RvT en OBK.

20. Die sogenoemde Staatswaarborg moet behoorlik ondersoek en gedefinieer word.

21. ‘n Volwaardige werwing organisasie moet gestig word.

22. Die insameling van finansies deur ledegelde en donasies moet deur ‘n aantal gededikeerde individue gedoen word. Die huidige SARS struikelblok moet dringend uit die weg geruim word.

23. Litigasie Moontlikhede moet behoorlik ondersoek word.

24. Druk op sekere individue.

    a. Media: hulp met opstel van verklarings as ook skakeling met die media is nodig. Finansiele hulp is ook nodig met bedryf van kommunikasies vd segsman. AMAGP behoort eintlik ‘n kantoor met staf te stig vd doel.

    b. Vertolking: Pogings om studies vooraf(om krisisse en onnodige druk te vermy) te laat doen, deur lede wat nie swaar dra nie, is aan die gang en moet voortgaan.

    c. Meeste poste behoort elk met ‘n ondersteunende persoon bygestaan te word.

SLOT

25. Dis dikwels vrek moeilik om presies te se dat ons - en hoe ons vorder! Ons is ‘n baie jong organisasie met min magsmiddele (hoofsaaklik indirek). Uit bostaande dink ek dat ons trots kan wees op ons vordering. Uitstekende geleenthede het/kom nou voor wat ons moet aanwend met durf maar ook met oorleg.